

21 Oktober

**Skrifgedeelte: Psalm 51**

**Fokusgedeelte: Matteus 6:16-18**

### **Nie uiterlike vertoon nie, maar innerlike gesindheid**

Jesus begin die Bergrede deur te wys op die eienskappe wat Hy in sy volgelinge wil sien. Dit was ook 'n uitdaging aan die hooghartige godsdienstige leiers met hulle wettiese ingesteldheid. Hy wys hulle telkemale op die boodskappe van die Ou-Testamentiese profete wat, net soos Hy, geleer het dat opregte gehoorsaamheid beter is as 'n oppervlakkige navolging van wette en reëls. Die profete het ook aangedui dat vas en vasdae met 'n verkeerde gesindheid tevergeefs was (Jes. 58:5-12; Jer. 14:11-12).

In die Ou Testament is die vas (om sonder kos of water te bly) voorgeskryf op die groot versoendag (Lev. 16:29; 23:27-32). "Julle moet dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die Here offers bring" (Lev. 23:27). Om te vas, het aan hartseer, berou, verootmoediging of selfopgelegde straf uitdrukking gegee. Daar is ook gevas om God se raad en leiding te vra. In die Nuwe Testament het die Fariseërs elke Maandag en Donderdag gevas. Toegewyde Jode, soos Anna, het gereeld gevas. Jesus self het voor die versoekings gevas. Paulus verwys ook twee keer daarna dat hy gevas het.

Jesus keer nie vas en vasdae op sigself af nie, maar die *misbruik* daarvan. Vas is 'n teken van verootmoediging en toewyding aan die Here, maar vir die skynvromes word die vasdag 'n geleentheid om hulle eie belange te bevorder. Die vas wat God verlang, word nie deur uiterlike rituele gekenmerk nie, maar deur praktiese daede. Vas beteken niks as dit nie op "reg doen" (Jes. 56:1) uitloop nie. Wat die Here vroeër in die Bergrede gesê het oor liefdadigheid en die gebed, geld ook van die vas. Dit gaan nié daarvoor dat mense moet sien dat jy vas nie; God alleen moet jou getuie wees. Vas moet nie net 'n uiterlike handeling wees nie, maar moet 'n daadwerklike verandering in jou *lewe* teweegbring.

Die praktyk van vas is vandag nie meer 'n algemene gebruik nie. Wat vir elkeen van ons egter van die uiterste belang is, is die beginsel dat God ons hartsgesindheid aansien en dat Hy nie beïndruk is met uiterlike godsdienstige handeling wat daarop gemik is om die ander mense se aandag op ons te vestig nie. Slegs as ons in opregtheid voor God lewe, sal ons saam met Dawid in Psalm 51 kan bid: "Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig" (Ps. 51:12).

As ons saam met Dawid besef dat geen uiterlike vertoon, geen leë handeling, by God tel nie, maar slegs opregte hartsverandering, sal ons ook saam met hom kan bely: "U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God" (Ps. 51:19).

*Sing: Psalm 139:1, 12 (Totius)*

*Ds. NG Laubscher (Emeritus)*